

## **Sing vooraf staande: Psalm 139:12 (p. 676)**

- 12 Deurgrond, o HEER, en ken die swart, / verborge dieptes van my hart;  
of diep in my, waar U kan lees, / 'n skadelike weg mog wees.  
En lei voortaan my wank'le skrede / tog op die weg van eewge vrede.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Psalm 89:1, 17 (p. 444)**

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 17 Gedenk, o Heer, hoe swak ek is: hoe kort van duur, / hoe nietig my bestaan, die dood wink ieder uur.  
Wie leef daar wat die dood nie eenmaal sal aanskou nie? / Geeneen wat teen die mag sy lewe kan behou nie.  
Skenk ons u guns, o Heer, help ons in donker stonde / na u belofenis, aan Dawids huis verbonde.

**Gebed**

## **Psalm 31:12, 13 (p. 146)**

- 12 HEER, in u hande is my tye; / ek steun in al my leed / op U alleen wat weet  
die maat en einde van my lye. / Red my, o sielsverblyder, / van vyand en bestryder.
- 13 Onthou my nie u wonderlig nie: / blik in u goedheid neer, / en red my tog, o HEER!  
Laat my nie voor my haters swig nie. / Laat nooit verleë sug nie / wie biddend tot U vlug nie.

**Skriflesing:** Jakobus 1:1-18; Heidelbergse Kategismus, Sondag 52:127

**Kernvers:** Jakobus 1:13-15

**Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie. Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood. (Jakobus 1:13-15 AFR1983)**

**Heidelbergse Kategismus**

**Vraag 12: Wat is die sesde bede?**

*Antwoord: En lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Dit is: Ons is in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie (a). Daarby hou ons doodsvyande, die duiwel (b), die wêreld (c) en ons eie sondige natuur (d), nie op om ons aan te val nie. Wil U ons tog deur die krag van u Heilige Gees staande hou en versterk, sodat ons teen hulle sterk teenstand kan bied en in hierdie geestelike stryd (e) nie beswyk nie, totdat ons eindelijk die oorwinning volkome behaal (f).*

*(a) Joh 15:5; Ps 103:14. (b) 1 Pet 5:8; Ef 6:12. (c) Joh 15:19. (d) Rom 7:23; Gal 5:17. (e) Matt 26:41; Mark 13:33. (f) 1 Tess 3:13; 5:23.*

**Tema:** O God, hou U ons staande en sterk teen die aanvalle van alle kante

Geliefde gemeente van God, aangesien ons van harte glo dat Jesus regtig die sonde en die dood oorwin het, het ons alle rede om met vertroue tot God te roep: **Ons Vader, lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die Bose.** In die sesde bedede roep ons tot ons Here Jesus en sy Gees om toe te tree tot die stryd waarin elkeen van ons daaglik betrokke is.

Nou sal jy dadelik kan vra: In watter stryd is ons daaglik betrokke? Dit is ons daaglikse stryd om nie sonde te doen nie. Om dit beter te verstaan moet ons die vyfde en sesde bedede langs mekaar plaas. In die vyfde bedede vra ons: **Vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.** Met hierdie woorde bely ons dat ons sondes ons skuldig maak voor die Here. Ons is misdadigers wat aan misdade teen God skuldig. Was dit nie vir Jesus Christus nie, dan moes ons self hierdie sondeskuld betaal het. En die enigste betaling vir sondeskuld wat vir God aanvaarbaar is, is die dood. Jesus het in ons plek hierdie dood gesterf. Daarom kan ons by die Vader smee om vergifnis ter wille van die kosbare bloed van Jesus Christus wat Hy gestort het toe Hy vir ons sondeskuld aan die kruis betaal het.

Sonde is egter nie net skuld nie. Daar is ook nog iets soos sondesmet of sondemag. Die sonde is 'n mag in ons lewens. Ons is van nature besmet met die sonde sodat ons van nature niks anders as sonde kan doen nie. Dit is as gevolg van hierdie sondesmet wat ons nog aankleef dat ons by die Vader in die sesde bedede smee: **Lei ons nie in versoeking nie maar verlos ons van die Bose.** Ons vra dat die Here van ons beter mense maak deur ook met die kragtige werking van die Heilige Gees ons van ons bose natuur te verlos. Die feit dat die Vader ons ons sondeskuld vergewe het, het nog nie ons natuur verander nie. Daarom moet ons die sesde bedede aanhoudend bid.

Broers, susters en kinders, wanneer ons die sesde bedede hoor, klink dit vir ons aanvanklik vreemd. Jesus het ons geleer om te vra: **Lei ons nie in versoeking nie...** So op die oppervlak klink dit asof ons die Here vra om ons nie te versoek nie. Maar is dit wat ons bedoel? Nee, ons bedoel nie dat God ons versoek nie. Jakobus waarsku juis teen hierdie verkeerde siening van God. Die mense aan wie Jakobus geskryf het, het uit Jerusalem na Sirië, Palestina en die omstreke gevlug. Hulle het gevlug nadat Stefanus vermoor is en omdat die kerk in Jerusalem vervolgd is. Baie van die Christene het maar 'n paar karige besittinkies kon gryp voordat hulle gevlug het; ander het maar net die klere aan hulle lyf oorgehou.

Daar in die vreemde moes hulle nou harde hande arbeid verrig om aan die lewe te bly. Sommige van hulle het maar 'n hongerloon ontvang. In hierdie nood is dit nou te verstane dat hulle baie beproewings en versoekings beleef het. Daarom waarsku Jakobus hulle dat hulle nie God die skuld moet gee vir die versoekings nie.

Die rede hoekom God ons nie versoek nie, staan duidelik hier in vers 13 geskryf: **God kan nie verlei word nie en self verlei Hy niemand nie** (Jakobus 1:13 AFR1983). Deur die hele Bybel word dit immers vir ons duidelik dat God die sonde haat. Hy wil tog die sonde straf. Die sonde het nie by God begin nie, maar by Satan wat die sonde in die goeie skepping van God ingebring het. Wat kan ons dan van God verwag? Beslis nie die sonde of selfs die versoeking om sonde te doen nie, maar alleen die goeie gawes. **Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo af** (Jakobus 1:17 AFR1983). Liefde, trou, genade en watter ander goeie gawe ons ook al kan opnoem, dit gee God ons Vader.

Maar nou is die versoeking ook nie maar sommer 'n onskuldige storie nie. 'n Versoeking is nie mooi nie maar lelik; nie goed nie maar sleg. En in die taal waarin Jakobus dit aan ons beskryf, word die lelike en slegte van die versoekings nog duideliker. **Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep** (Jakobus 1:14 AFR1983). Hierdie begeerte in my wat

maar altyd die verkeerde wil doen, is kragtig. Dit lok my nader aan die verkeerde en as dit 'n mens eers beet het, sleep dit 'n mens saam. Dit is soos 'n vis wat 'n stuk aas in die water sien. Die aas lyk mooi en ruik lekker en lok die vis nader. En as hy eers daaraan begin proe, is dit verby. Binne-in die aas is die hoek waarvan die vis nie geweet het nie. As die hoek die vis nou gehaak het, kan die vis niks meer doen nie. Hy kan maar spartel en spook soos wat hy wil, loskom sal hy nie maklik nie. Almal van ons weet hoe magteloos ons word wanneer ons aan ons sondige begeertes begin toegee. Jy spook en spartel, maar jy kom nie los nie.

Die sonde en wat daaruit voortkom as gevolg van die begeerte, is nog erger. Ons eie begeertes is soos 'n slegte straatvrou. En hoe langer ons met hierdie begeertes omgang het, hoe vaster word ons in die net van die slegte straatvrou vasgedraai. Daaruit kan ons nie loskom nie en die begeerte word bevrug. Die babatjie wat uit hierdie swangerskap gebore word, is nog leliker as die ma. Sy word sonde genoem. En die sonde leef kragtig. Soos haar ma is, so is sy ook – lelik en sleg. En uit die verhouding met haar word die dood gebore. Die totale vernietiging van die mens begin daar by die begeerte om die verkeerde te doen. Van kwaad tot erger gaan dit tot in die dood in.

Sien u, geliefdes, 'n versoeking is nooit onskuldig nie. Dit is 'n slegte begin met 'n nog slegter einde. Maar as ons dan nou deur ons eie begeertes versoek word, hoekom noem ons dan **die duiwel** 'n **doodsvyand** van ons? Dit is nie sonder rede nie, want die duiwel en ons sondige begeertes werk eintlik saam. Die duiwel weet net so goed soos ons dat ons van nature geneig is om sonde te doen. Ook ons wat kinders van God is, het hierdie geneigdheid. Nou sal die duiwel juis ons wat kinders van God is, kom versoek. Hy wil hê dat ons God moet verlaat. Oor sy eie dissipels is die duiwel nie gepla nie. Hulle doen mos klaar die verkeerde dinge. Maar die kinders van God wat nog in die geloof aan Christus vashou en doen wat God wil hê, vir hulle wil die duiwel versoek. Daarom gaan hy ons aanhoudend aanval.

Hierdie aanvalle van die duiwel is nie altyd vroegtydig so duidelik nie. **Die duiwel loop in-derdaad rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verskeur** (1 Petrus 5:8 AFR1983). Maar hy kom nie altyd as 'n brullende leeu op ons af nie. As 'n brullende leeu oorweldig hy 'n mens met geweld soos in tye van vervolging en swaarkry. Die duiwel word nie verniet ook die slang genoem nie. As 'n slang kom hy met baie slimpraatjies en op 'n listige wyse versoek hy die mens. Ja, nie net met sy eie slimpraatjies nie, maar hy verdraai ook die Woord van God om die mens te verlei. Onthou maar hoe die duiwel God se woorde verdraai het toe hy vir Eva verlei het. En selfs teenoor Jesus het hy nie eers gekroom om die Bybel aan te haal om die Here te versoek nie.

Daarom, geliefdes, laat ons altyd op ons hoede wees. Ons kan nie met ons eie krag die duiwel weerstaan nie. Hy is kragtig en baie, baie slim. As hy selfs vir Jesus Christus ons Here versoek het, sal hy ons beslis nie met rus laat nie. En as hy 'n gelowige van God kan laat afdwaal, is hy op sy gelukkigste. Dan het hy nog 'n mens op die pad van dood gehelp. Nog 'n mens wat hy saam met hom die afgrond afgesleep het. Hy is ons doodsvyand. Laat ons vir hom oppas. Hy ken ons baie goed, miskien nog beter as wat ons onself ken.

Die duiwel het ook nie net ons sondige natuur wat sy handlanger is om ons te versoek nie. Hy maak ook gebruik van ander mense. Kyk, Satan is 'n baie goeie vermommings-kunstenaar. Op 'n meesterlike wyse vermom hy homself en dan kom hy na ons toe deur middel van 'n vriend of vriendin, deur jou man of vrou. Dink u miskien dit is ongewoon dat die duiwel selfs u man of vrou sal gebruik om u te versoek? Dit is nie so ongewoon nie. Hy het dan selfs vir Petrus, een van Jesus se getroue volgelingen, gebruik om ons Here te versoek. Die Here het aan sy dissipels gesê dat Hy moes ly, sterf en op die derde dag opstaan. Maar Petrus berispe Hom en sê:

**Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie.**  
(Matteus 16:22 AFR1983).

Hierop het Jesus hom bestraf en gesê:

**Moenie in My pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.** (Matteus 16:23 AFR1983).

Sien u, Satan sal niemand ontsien nie. Hy sal selfs ons liewe kinders, ons liewe ouers, ons broers en susters teen ons gebruik. Selfs deur u man of vrou sal hy 'n aanval op u loods. En die wêreld is ook een van sy trawante. Met die wêreld word nie die goeie skepping van God bedoel nie, maar daardie plekke waar die duiwel 'n vastrapplek gekry het in God se skepping.

Kom ons dink onself in die omstandighede in waarin die Christene van Jakobus se tyd verkeer het. Hulle was merendeels Jode – Jode is deur baie nasies gehaat. Hulle was Christene – en ander nasies en selfs hulle eie volksgenote het nie baie van hulle gehou nie. En daar sit hulle nou in die vreemde. Die geld wat hulle as loon ontvang is maar min en die gesin moet versorg word. Wat is nou makliker as om iets hier en daar by die mense vas te lê om die kinders te versorg. Wat is makliker as om kwaad en opstandig te word teen die een vir wie jy werk as hy jou onregverdig behandel. In al hierdie dinge kan 'n mens die haat van die wêreld teen God se kinders sien. En so kom die wêreld ook as 'n doodsnyand om ons aan te val.

En die aanvalle van die wêreld het glad nie versag nie. Wanneer ons sien hoe baie mense rondom ons afbetaal word, of finansiële swaarkry en weet dat ons harde werk nie altyd ons voorspoed gaan verseker nie, sal die wêreld graag 'n aanval op ons loods. Die dobbelsale en plekke om Lotto-kaartjies te koop, is mos nie te ver nie. En die gesin moet versorg word. Daarom gebeur dit dat iemand in sulke omstandighede maklik kan sê: Laat ek maar gou 'n kans gaan waag; miskien wen ek dalk 'n ietsie en dan kan ons weer aangaan. Geliefdes, dit is juis wat die duiwel wil hê. Hy wil hê dat ek my vertroue van God aftrek en op die geluksgodin plaas om my en my gesin te versorg. Daarom moet ons so versigtig wees vir die verleidings in hierdie wêreld. Ons weet **ons is in onself so swak** dat ons nie teen die aanvalle **staande kan bly nie**. Laat ons daarom ook nie houtgerus met die versoekings omgaan nie.

Wat ons wel kan en moet doen, is om te bid: O God, hou U ons asseblief staande en sterk teen die aanvalle van alle kante. Ons het nou self gesien hoe groot en sterk die aanvalle teen ons is en elke oomblik van ons lewe is ons aan die aanvalle blootgestel. Daarom bly daar vir die gelowige net een ding oor en dit is om biddend ons Vader in die hemel aan te roep.

Maar nou is dit goed om daarop te let wat ons bid in hierdie gebed. Uit onself het ons nie die krag nie, daarom bid ons: **Hou ons staande en versterk ons deur die krag van u Heilige Gees**. In Christus is ons krag en aan daardie krag kry ons deel deur die werk van die Heilige Gees. Maar die Gees en die Woord staan nooit los van mekaar nie. Daarom lê daar ook 'n dure verpligting op ons om die Woord te bestudeer. Let wel, Christus het Satan nie met wonders en kragtige daade oorwin toe hy Hom versoek het nie. Nee, Hy het Hom met die Woord van God verslaan. **God** het ons immers **deur die woord van die waarheid** – die evangelie – **tot die lewe gebring** (Jakobus 1:18 AFR1983). Hierdie selfde Woord het Hy ook aan ons gegee as een van die goeie gawes van Bo. Laat ons nou met hierdie swaard van die Gees teen die Bose stry.

En, geliefde broers, susters en kinders, dit is 'n stryd. Dit is 'n oorlog nie teen vlees en bloed nie, maar teen die bose geeste in die lug. Die kerk hier op aarde – ons – is 'n strydende kerk – strydend teen die sonde in hierdie wêreld van God. Die kerk word 'n strydende kerk genoem ... is ons? Of lewe ons in vrede met ons vyand saam? Loop ons hand om die nek met hierdie vyand of voer ons oorlog teen hom? Geliefdes, ons moet ons vyande liefhê en vir hulle bid, maar dan praat die Bybel van menslike vyande. Teen hierdie doodsnyande van ons – die duiwel en sy trawante – kan ons maar met 'n goeie gewete oorlog voer. Nie op 'n bloeddorstige en menslike wyse nie, maar deur die krag van die Gees en die Woord.

Een ding moet ons baie goed onthou, hierdie stryd kan nie halfhartig gestry word nie. Ons kan nie tot

die Here bid en vra om ons te verlos van die Bose, en dan gaan loop ons moedswillig in die versoeking in nie. Of bid ons miskien ook soos een van die kerkvaders voordat hy tot bekering gekom het: *Verlos my van die Bose, maar nie nou al nie*. Miskien doen ons dit nie met soveel woorde nie, maar as daar so 'n gesindheid by ons is, is dit dodelik gevaarlik. Dan het ons die stryd eintlik klaar verloor.

En tot wanneer hou die stryd aan? **Totdat ons eindelijk die oorwinning ten volle behaal** het. Die onderdane van die Koning, ons, kan maar aanhou stry, want die Koning, Jesus Christus, het die Satan klaar oorwin. Ons het reeds deur die geloof deel aan die oorwinning van Christus, daarom is ons ook meer as oorwinnaars. Tog ervaar ons nie hierdie oorwinning nou al ten volle nie omdat ons elke dag nog voortdurend moet stry. Maar die dag kom, en dit is gewis, dat ons wel die oorwinning ten volle sal geniet. Op daardie dag sal ons as oorwinningsprys die lewe in sy volheid by God ontvang. Dit is die oorwinnaarskroon wat die Here self aan ons belowe het.

Geliefdes, totdat daardie dag van Christus se wederkoms aanbreek, mag ons nie verslap in ons stryd teen die Bose nie. Maar laat ons aanhoudend en opreg in die geloof bid: Ag Here, **laat ons nie in die versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose**.

**Amen!**

Slotgebed

Skrifberyming 10-2 (28B)

Ons Vader wat woon in die hemel, / geheilig sy u Naam,  
laat u ryk kom, u wil geskied, / soos in die hemel so ook op die aarde.  
Gee ons vandag ons dag se brood / en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe  
die wat teen ons sondig. / Laat kom ons nie in die versoeking; / maar verlos ons van die Bose.  
Van U is die ryk en die sterkte en die ere, / vir ewig en ewig, amen / vir ewig en ewig, amen.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
8 April 2012